

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS·UV

ARCHIVE FOR CONTEMPORARY AFFAIRS
ARGIEF VIR EIETDSE AANGELEENTHEDE

Inventory of the private collection of

L Verwoerd

PV609

Contact us

Write to:

Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

Visit us:

Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

Telephone:

+27(0)51 401 2418/2646/2225

Email:

arca@ufs.ac.za

INVENTARIS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN DR. LEN VERWOERD

INLEIDING

1. TOEGANKLIKHEID

Voorwaardelik.

2. CURRICULUM VITAE¹

Dr. Len Verwoerd, broer van die eertydse premier dr. H.F. Verwoerd, is op 14 Julie 1899 in Nederland gebore en het in 1903 as vierjarige kind saam met sy ouers uit Amsterdam in Suid-Afrika aangekom. Hulle het aanvanklik in Wynberg gewoon, maar verhuis in 1912 na Rhodesië waar sy vader 'n sendeling was.

Dr. Verwoerd het van kleins af in landbou belanggestel en gedurende 1921 vertrek hy na Stellenbosch, waar hy reeds teen Desember 1928 sy doktorsgraad (cum laude) verwerf het. Sy proefskrif het gehandel oor koringroes. Hierna het hy vir drie jaar by die Carnegie-Instituut in Amerika navorsing gedoen.

Dr. Verwoerd het reeds in 1949 by die Universiteit van Stellenbosch, waar hy lektor was, afgetree. Hy het hom daarna besig gehou as konsultant vir verskeie maatskappye. Hy het ook as majoor in die Tweede Wêreldoorlog diens gedoen.

Rhodesië en sy probleme het sy belangstelling deur die jare bly prikkel. As voorsitter van die Vriende van Rhodesië-vereniging in die Westelike Provinsie en lid van die Anglo

¹ Vergelyk Die Burger, 14 Julie 1979.

Rhodesian Society, het hy baie vir dié land gedoen. Ambulanse en ander mediese voorrade is gereeld vir gebruik in die land aangekoop.

Hy het ook die bekende skrywer, Douglas Reed aangemoedig om 'n boek oor Rhodesië te skryf. Die boek **The Battle for Rhodesia** is in 1966 voltooi en het besonder goed verkoop.

Dr. Verwoerd het ook 'n groot aandeel gehad in die terugbesorging van die Transvaalse Vierkleur aan sy regmatige eienaars nadat dit in die Tweede Vryheidsoorlog van 1899 – 1902 by Ramotsa van die Boere afgeneem is. Dit is sover vasgestel kan word, die enigste vlag wat die Engelse in daardie oorlog van die Boere afgeneem het. Die vlag hang vandag bokant die lessenaar van Pres. Paul Kruger in sy huis op Boekenhoutfontein.

3. **ORDENING**

Die dokumente is gedurende Maart 1981 deur dr. Len Verwoerd aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis geskenk.

Tydens ordening is die dokumente volgens hulle aard in reekse opgeneem.

Die dokumente verkeer in 'n goeie toestand en beslaan 0,10 meter rakspasie.

INHOUD

	BLADSY
1. Agendas, notules en besluite	1
2. Korrespondensie en telegramme	2
3. Toesprake, verklarings en boodskappe	3
4. Verslae en memoranda	4
5. Programme en gedenkstukke	5
BYLAE A : BOEKE	6

INVENTARIS

PV 609

1. AGENDAS, NOTULES EN BESLUITE

<u>VERWYSING</u>	<u>BESKRYWING</u>	<u>TYDPERK</u>
------------------	-------------------	----------------

2. KORRESPONDENSIE EN TELEGRAMME

<u>VERWYSING</u>	<u>BESKRYWING</u>	<u>TYDPERK²</u>
	2/1	ALGEMEEN
2/1/1	Korrespondensie ³	1966, Sept. 4- 1981, Mrt. 17
	2/2	MEDELYE MET DIE AFSTERWE VAN DR. H.F. VERWOERD, 6 SEPT. 1966
2/2/1	Korrespondensie en telegramme	1966, Sept. 6- 1966, Sept. 21

² 'n Asterisk (*) by die datum dui aan dat die tydperk onvolledig is of dat die lêer ongedateerde stukke bevat.

³ Bevat 'n skrywe van dr. Len Verwoerd aan die Rektor van die U.O.V.S. insake die skenking van sy dokumenteversameling aan INEG, sowel as 'n brief van die skrywer Douglas Reed insake sy boek **The battle for Rhodesia**.

3. TOESPRAKE, VERKLARINGS EN BOODSKAPPE

<u>VERWYSING</u>	<u>BESKRYWING</u>	<u>TYDPERK</u>
------------------	-------------------	----------------

3/1 SAUK

3/1/1	Radiopraatjie : "Wie was Dr. Verwoerd?", deur Bas Goedhart	1967, Nov. 30
-------	---	---------------

4. VERSLAE EN MEMORANDA

VERWYSING BESKRYWING TYDPERK

4/1 ALGEMEEN

4/1/1	Resensies rakende die boek "Wie was dr. Verwoerd?", deur Mary Pos	1967, Okt.- 1967, Des.
-------	--	---------------------------

5. PROGRAMME EN GEDENKSTUKKE

<u>VERWYSING</u>	<u>BESKRYWING</u>	<u>TYDPERK</u>
------------------	-------------------	----------------

5/1	ALGEMEEN	
-----	----------	--

5/1/1		
-------	--	--

	Program van 'n rouidiens gehou ter nagedagtenis aan dr. H.F. Verwoerd te Beaufort-Wes.	
--	--	--

		1966, Sept. 9
--	--	---------------

BYLAE A : BOEKE

<u>VERWYSING</u>	<u>BESKRYWING</u>	<u>OPMERKINGS</u>
------------------	-------------------	-------------------

- | | | |
|----|---|--|
| 1. | Pos, Mary. Wie was Dr. Verwoerd?
Utrecht, 1967. | |
| 2. | Reed, Douglas. The battle for Rhodesia.
Cape Town, HAUM, 1966. | |